HOËRSKOOL RANDBURG

Algemene Oueromsendbrief nr. 15 van 2024

2 Desember 2024

Geagte Ouers/Voogde, Personeel en Leerders

Graag deel ons 'n paar slotgedagtes en reëlings met almal aan die einde van 2024. Dit was voorwaar 'n baie besige jaar met vele gebeurlikhede wat elkeen van ons los met ervaringe wat ons moet verwerk. 'n Positiewe ingesteldheid neem vanjaar se lesse as kosbare momente van groei en suksesse, as oomblikke van dankbaarheid vir groot en onverdiende genade. Mag elkeen van ons 2024 as 'n verwysingsraamwerk gebruik om van 2025 nog 'n groter sukses te maak.

Ons skoolvisie vertel dat Hoërskool Randburg **dié skool is waar ELKEEN 'n STER is**. Ons fokus op Mense, Diens, Trots, Keuses en Waardes.

Mense: Elke leerder en onderwyser is uniek en spesiaal. Elkeen het 'n spesiale talent wat ons as skool wil ontdek en geleentheid tot uitlewing en ontwikkeling gee.

Diens: Hoërskool Randburg strewe daarna om dinamies sy diensaanbod te verbreed ten einde meer geleenthede vir leerders te gee. Dit beteken bv. 'n deurlopende verbetering van fasiliteite, nuwe aktiwiteite en "nuwe" kompetisies en ligas, waarbinne leerders hul talente op die sportveld, verhoog en in die klaskamer kan uitleef.

Trots: Trots begin by 'n positiewe selfbeeld. 'n Mens se optrede getuig van TROTS en TROTSE leerders, onderwysers en ouers maak 'n TROTSE skool.

Keuses: 'n Verskeidenheid van geleenthede vir leerders en onderwysers waar elkeen sy/haar eie plek in ons skool kan vind.

Waardes: Waar reëls tekortskiet, tree waardes na vore. Elke mens het sy eie stel waardes waarvolgens hy/sy handel. As skool bou ons aan 'n stel gemeenskaplike waardes wat ons optrede rig en stuur. Dit is meer as 'n proses. Dit word 'n leefwyse waarbinne ons elkeen strewe om vandag beter te wees as wat ons gister was. Ons poog om die regte ding vir die regte rede te doen, veral as niemand ons dophou nie. Ons weet ook dat 'n Randjie nooit gaan lê nie. In 2025 wil ons baie fokus op gemeenskaplike waardes om aan ons skoolkultuur 'n dimensie van positiewe en opbouende aksie te verleen wat daadwerklik 'n bydrae tot hoop vir beter toekoms lewer.

TEL: (011)782 6226/7 • Malibongwe Rylaan •
E-POS: admin@hsrandburg.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za

1 Eksamenuitslae November 2024-eksamen:

- Graad 8 tot 11-rapporte word op Woensdag, 11 Desember vanaf 08:00 tot 09:30 in die *Educatio Atrium* uitgedeel. Rapporte word slegs aan die betrokke leerder of sy/haar se ouers oorhandig. Geen leerder of ouer mag 'n ander leerder se rapport in ontvangs neem nie. Daarna sal rapporte aan almal per e-pos gestuur word.
- Matriekuitslae word in die eerste skoolweek van Januarie verwag en die media sal breedvoerig oor die datum van vrystelling berig. Graad 12-leerders kan dan ook hulle uitslae by die skool in die *Atrium* in ontvangs kom neem.

2 Handboeke:

Elke leerder het departementele handboeke op bruikleen vir die jaar 2024 ontvang. Daar word verwag dat ELKE GDO-handboek aan die skool terugbesorg sal word. Hierdie boeke word in 2025 weer gebruik en dit is dus krities belangrik om alle boeke terug te besorg. Indien 'n boek verlore gegaan het, kan die ouer met die boekwinkel skakel oor die vervangingskoste van daardie boek of self by enige diensverskaffer 'n eksemplaar van die boek vir finale inhandiging koop. Ondersteun asseblief die skool in hierdie herwinningsaksie.

3 Bela-Wetgewing:

Die grasietydperk, soos deur die president bepaal, verstryk in Desember 2024. Daarna sal die beheerliggaam die uitkomste oorweeg en optree soos deur die Wet daartoe gemagtig. Ons volg hierdie sage noukeurig in die pers, by verskeie seminare en ook vergaderings ten einde op hoogte van verwikkelinge te bly. Ons glo AL ons ouers is ook behoorlik ingelig, soos vanuit die media.

4 Personeel:

Ons groet vanjaar die volgende personeel:

- Mev. Leoné Brits wat bedank het om as tuisteskepper meer tyd aan haar gesin te bestee.
- Mev. Carlie Reyneke wat na 'n kortstondige verblyf in Gauteng na die Kaap terugkeer.
- Mnr. Jan Labuschagné wat ander geleenthede gaan ondersoek.
- Mev. Melissa Weideman wat na 'n ander skool vertrek.

Om hulle te vervang, verwelkom ons in 2025 die volgende personeel:

- Mnr. Shaun Carelse wat in die IGO-departement sal diens doen.
- Mnr. John-Henry Horn sal in die junior Rekeningkunde klasse behulpsaam wees.
- Me. Magderie Marais gaan ons met KK en Dans bystaan.
- Me. Kaylin Pienaar sal in die Wiskunde-departement behulpsaam wees.
- Mnr. Jaco Deale sal ons bystaan as Natuurwetenskappe-onderwyser.

5 Fasiliteite:

- In 'n vorige skrywe het ons vermeld dat die beheerliggaam die aanbou van 'n hokkie-astro by die skool oorweeg. Ons is baie opgewonde om na 'n jaar se beplanning en ondersoek aan te kondig dat Randburg in 2025 sy eie, blou astro gaan kry. Ons beheerliggaam het die projek goedgekeur en bouwerk sal in Januarie 2025 amptelik begin.
- Daar is reeds begin met die bou van 'n nuwe krieketkolfblad sodat die krieketveld langs die hokkie-astro inpas.
- Die oprigting van 'n baie hoë vangnet tussen die krieketveld en die dienspad word as veiligheidsmaatreël beplan.

- 'n Vangnet word ook tussen die hokkie-astro en die krieketveld opgerig.
- Ons is in die baie bevoorregte posisie dat ons skool die aanbou van hierdie fasiliteit kan bekostig met behoud van 'n gestelde minimum kapitaalreserwe in ons bankrekening. Die astro het ook nie ons skoolgeldverhoging van 5% beïnvloed nie.
- Ons gaan vanaf Januarie tot Mei bontstaan met sportreëlings en beskikbare fasiliteite, maar die eindproduk sal vir ons skool 'n groot aanwins wees.



- Ons beplan ook deurlopend aan die opgradeer van klasse. Ons doen navorsing oor geskikte vloerbedekking, plafonne en beligting. Dan word daar ook verskillende lokaal-ontwerpe oorweeg om uiteindelik vir ons ou en afgeleefde klasse 'n splinternuwe baadjie aan te trek. Tegnologie vir klaskamers word ook ondersoek om 'n bydrae tot kwaliteit onderrig te lewer. In 2025 sal daar begin word met hierdie projek wat oor 'n periode van ten minste twee jaar afgehandel sal word.
- Ons het 'n baie groot borgskap van *Fidelity* sekuriteitsdienste bekom wat vir netbal geoogmerk is. Hiermee gaan ons dan spreiligte aanbring om alle netbalbane en tennisbane in die aand te verlig. Ons het vanjaar ons eie B- en C-span-netbaltoernooi met groot sukses aangebied en hy is reeds vol vir 2025 vol bespreek. Verder was ons skool in 2024 gasheer vir Gauteng en Nasionale netbalkampioenskappe waaraan skole van dwarsoor Suid-Afrika deelgeneem het. Hierdie ligte en borgskap versterk ons aanbod as gasheer vir hierdie groot netbalbyeenkomste en is 'n uitstekende bekendstelling van ons skool aan die res van ons land. Ons is baie opgewonde en dankbaar vir hierdie borgskap van *Fidelity* en sal deurlopend aan hulle blootstelling gee, soos kontraktueel met die beheerliggaam ooreengekom.

6 Ouers, onderwysers en leerders:

- Ter aanvang 'n woord van dank en waardering teenoor die ouers en onderwysers en leerders wat lede van ons skool se beheerliggaam is. Hulle tyd, kundigheid, vaardighede en energie word sonder ENIGE mate van vergoeding aan ons skool toegedeel. As skool het ons baie respek vir ons voorsitter en haar span. Hulle dien die belang van elke kind by die skool en beskerm die belange van elke ouer en onderwyser by ons skool. Namens ons ouers wil ons hulle bedank vir die omsigtige en deeglike wyse waarop hulle vir ons skool strategiese rigting gee.

- **"<u>We are better together</u>":**

In 2025 het ons 'n kans om aan hierdie beginsel nuwe betekenis te gee. Ons skool is so sterk soos die geheel van sy dele en ons as onderwysers en ouers kan iets uitsonderlik by ons skool skep. Alles sal nooit perfek wees vir elke individu nie, maar hoe ons verskil, en hoe ons in belang van die kinders vir akkommoderende en opvoedkundig verantwoordbare oplossings soek, sal uiters positiewe en opbouende gevolge hê. Kom ons as volwassenes skep in 2025 dié voorbeeld vir elkeen van ons leerders ten einde hulle tot die ontdekking en uitlewing van volwasse denke en optrede te begelei.

7 Afrikaans 100:

Ons gaan in 2025 ons taal se 100-jarige bestaan behoorlik vier. Ons kriewelfees van 2025 se tema is dan *Afrikaans 100* en dit gaan 'n groot konsert in die Atrium insluit waarheen ons nou reeds elke ouer en leerder uitnooi. Dit gaan 'n gratis vertoning wees om só **Dankie** te sê aan ons Randburg familie en dit beloof items van hoogstaande gehalte.

8 Produksie:

In 2025 is dit weer produksiejaar en oudisies is al vir die wêreld-premiére van *ALLES in WONDERLAND* afgehandel. U mag dit nie mis nie.

9 Sport:

Hoërskool Randburg het in 2024 in verskeie sportsoorte groot welslae behaal. Met atletiek het ons, ons plek in die B-bond behou waar ons teen baie groot skole deelneem. Van ons atlete het internasionaal deelgeneem. Ons rugby het vanjaar in die *bowl*-afdeling van groep 1 deelgeneem en ons plek in die reeks behou. Dit beteken dat ons nie meer aan Gauteng se ligas deelneem nie en direk by die Noord-Vaal-toernooi inskakel. Dit is 'n baie hoë vlak van deelname en ons eerste jaar het goed verloop. Ons netbal neem weer in een van die sterkste netbal-ligas deel en van ons junior spanne het puik presteer. Ons dogtershokkie het uitsonderlik goed presteer met twee spanne in die Noord-Vaal-finaal waar ons Eerste dogterspan as wenners uit die stryd getree het. Dit is bepaald 'n stukkie geskiedenis en ons sien uit na 2025 se seisoen. Tennis het weer uitsonderlik goed gevaar en op die krieketveld het ons senior seuns nie 'n goeie jaar beleef nie, maar daar is opwinding en afwagting oor wat by die junior spanne aan die gebeur is. Ons dogterskrieketspan het in hulle eerste jaar van deelname hulle liga gewen en ons voorsien dat meer en meer dogters gaan krieket speel.

10 Kultuur:

Randburg spog met sy eie simfonie-orkes. Ons het 'n fenominale volwasse koor en ons eie skoolkoor is besig om 'n gesogte uitvoerproduk te word. Individueel het 2024 uitsonderlike prestasies gesien met leerders wat internasionale dans-, model- en dramakompetisies gewen het en oudisies en kontrakte in Amerika en elders losgeslaan het. Redenaars het Randjies op nasionale vlak sien pryse wen en ons tienertoneelstukke het ook behoorlik stem dikgemaak. Dan is RNA vir ons almal 'n weeklikse hoogtepunt en 'n nuwe stel verskyn nou op Vrydagoggende op hierdie lewendige uitsendings. Dit verdien ook om vermeld te word dat ons al die Matriek Kunstevakke vanaf graad 10 aanbied. Ons Magneetskool vir Musiek het weer vanjaar talent ontdek, gekunstel en in verskeie nasionale eksamens laat gedy. Een van ons pianiste is ook met optredes saam met vol simfonie-orkeste vereer.

11 Akademie:

Ons het vanjaar met van die beste matriekuitslae in die skool se geskiedenis afgeskop. Ons het die top kandidaat in Johannesburg-Noord opgelewer en verskeie vakpryse by die distriksprysuitdeling verower. Verskeie van ons vakke is onder die top 30 Afrikaanse skole in Suid-Afrika met verwysing na die aantal onderskeidings as persentasie van die aantal kandidate. Ons is egter bekommerd oor ons juniorgrade se vaardighede met verwysing na verworwe woordeskat en leesvaardighede en dan ook probleemoplossingsvaardighede. 2025 sien 'n ander benadering wat begin met basislyn-assesserings ten einde leemtes te identifiseer en dan aanpassings aan leerplanne te maak ten einde leerders met die verwagte vaardighede toe te rus. Ons wil ook reeds vanjaar, en op die laaste, die twee dae voor die skool in Januarie begin, al die leerders se handboeke uitgee. Só kan ons in die nuwe jaar midde al die opwinding van atletiek, swem , graad 8-konsert en vele ander vinnig aan die werk spring. Dan hou ons duimvas vir ons Matrieks en hoop dat hulle uitslae aan hulle verwagtinge sal voldoen en dat verworwe punte geleenthede tot verdere studie sal waarborg. Graad 8 tot 11-leerders moet krities hulle rapporte bestudeer en met die wete dat die punte bloot 'n refleksie van verworwe

vakkennis is. Elke leerder moet planne maak om in 2025 leemtes aan te spreek en/of te bou op prestasies van 2024. Onthou: Punte is NIE 'n refleksie van jou waarde as mens nie. Dis bloot 'n weergawe van jou bemeestering van verskillende vakke se leerinhoud.

12 **Kerswense**:

Dit is Hoërskool Randburg se opregte wens dat elke huisgesin in die opkomende Kersseisoen die vrede en vreugde van ons Skepper se nabyheid sal beleef. Ons hou duimvas vir mooi skoolrapporte en gun elke gesin kwaliteit tyd om mekaar weer van nuuts af te waardeer.

Geniet u vakansie.



P. Booysen: Hoof